**Skriflesing:** Matteus 3:13-17
**Tema:** Ons is geliefdes van God wat doen wat Hy wil hê.

Hoe sal julle reageer as Jesus, die Seun van God, vandag hier opdaag en vra om gedoop te word? Ek sou dit nie wou doen nie. Hy moet vir my doop, nie ek vir Hom nie.

Dit lyk of Johannes die Doper ook iets van hierdie verleentheid beleef wanneer hy aanvanklik daarvan wegskram om Jesus te doop. In Johannes 1 sê hy dat hy nie werd is om Jesus se skoene los te maak nie. En in Johannes 1:29 kondig Johannes aan: "Dáár is die Lam van God wat die sonde van die wêreld wegneem!
Johannes se hele bediening wys weg van homself na Jesus, sy meerdere en die Een vir wie hy die weg moes voorberei.

Ons lees in Matteus 3:14: "14 Maar Johannes het dit probeer verhinder deur te sê: "Ek moet eintlik deur U gedoop word, en U kom na my toe?"
15 Jesus het hom geantwoord: "Nogtans moet jy dit nou doen, want op hierdie manier moet ons aan die wil van God voldoen." Daarna het Johannes ingestem.
In die Boodskap staan daar: "op die manier voer Ek en jy God se goot plan uit om die wêreld te red" en in die Lewende Vertaling lees ons: "op die manier doen ons alles wat God wil hê."

Die eerste woorde wat Jesus in hierdie boek sê, is dat Hy Hom volledig aan sy Vader se wil onderwerp. Hy kom doen dit waarvoor sy Vader Hom gestuur het.

Dit is vir Matteus belangrik dat sy hoorders agterkom hoe dit vir Jesus reg van die begin af nooit oor Homself gaan nie. Hy het nie gekom het om Homself te verheerlik nie, maar om die wil van sy Vader te doen en dit volkome te doen.

Johannes wys na die Seun en die Seun wys na die Vader.

Hy is die Lam van God wat van die begin af God se wil doen. Met sy doop vereenselwig Hy Hom met elkeen van ons. Hy is 'n mens soos ons, maar 'n sondelose mens wat ons sondes op Hom neem en in ons plek aan die kruis sal sterf. Hy staan op uit die graf as bewys dat Hy ons sonde en dood oorwin het.

Maar Matteus stel nie net vir Jesus aan ons bekend as die een wat God se wil kom doen nie. Jesus sê vir Johannes: "**ons** moet aan sy wil voldoen." Johannes, Jesus se neef, moet saam God se wil doen. Ons lees meer daarvan in Matteus 3:1-4.

Matteus bring hierna baie die punt tuis dat die dissipels in Jesus se voetspore moet volg.

Ook ons moet God se wil doen.
Wat is sy wil?
Hoe wys ons as kinders van die Here se lewens dat ons aan Hom behoort?

Die Here antwoord self hierdie vraag in Matteus 22:37-40:
"[37]Jy moet die Here jou God liefhê met alles wat jy is en het.' Niks in jou lewe mag vir jou so belangrik soos God wees nie. [38]Hierdie opdrag staan boaan die lys."
Van Johannes die Doper kom die opdrag dat mense hulle moet bekeer tot God. En die reaksie is oorweldigend. Mense van oor die hele land bely hul sondes, word gedoop en gaan leef nuwe lewens waarin hulle God liefhet bo-alles.
Ook ons moet steeds, omdat ons God liefhet, mense oproep tot bekering.

[39]Maar daar is 'n tweede opdrag wat langs die eerste een op die lys staan: 'Jy moet ander mense so liefhê asof hulle jy is.' [40]Hierdie twee opdragte vorm die pilare waarop alles rus waarvan ons in die Bybel lees."

Soos Johannes die Doper moet ons lewens weg van onsself na die Here en na mekaar wys. Saam met Jesus, moet ons God se wil doen.

Jesus doen God se wil volmaak. Geen wonder nie dat die hemel oopgaan en die Heilige Gees sigbaar op Hom neerdaal om hom toe te rus vir sy taak.
En dan sê God: "Dit is my geliefde Seun. Oor Hom verheug Ek My." (Matteus 3:17) Hy doen my wil, is 'n Kind so na my hart.

God was sedert die einde van die Ou Testament vir 400 jaar stil, nou praat Hy weer deur Johannes en Hyself kom ook aan die woord. Hy het duidelik iets baie belangrik om te sê.
Hy bevestig dat 'n nuwe tyd aangebreek het. Jesus se doop is ook 'n kronings geleentheid.
Hy is die Seun van God, die Koningseun op wie die volk so lank wag.

Die bekende Henri Nouwen sê, op grond van hierdie verskyning van God deur Jesus Christus, "kan ek as vuil, verslonste, mislukte voorheen verlore mens in die liefdevolle arms van my hemelse Vader val." En daar sal ek ontdek dat my Vader my optel, genees en herstel terwyl Hy vir my sê: "Jy is my geliefde kind. Oor jou verheug Ek My."

Ons deel ons identiteit met Jesus – ook ons is geliefdes van God wat vir Hom groot vreugde verskaf.

**Afsluiting**
Jesus voer God se verlossingsplan op so 'n manier uit dat ons in die eerste plek toeskouers daarvan is. Ons kan onsself nie verlos nie – Hy doen dit namens ons.

Tog word ons ingeskakel by die verskyning van God se genadige verlossing in Jesus Christus.

Ek en jy is vandag medeverantwoordelik dat God se verskyning steeds elke dag gebeur. Leef jou lewe so dat die wat nie vir God ken nie, maar jou ken vir God sal ontmoet, omdat hulle jou ontmoet het.
Amen